

**Sondag 5 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 11**

**Fokusgedeelte: Psalm 11:1, 4 (1933/53-vertaling)**

### **Skuil of vlug**

**D**aar word aan die fundamente van ons samelewing gekap. Vir jare al slaan die hamerhoue van korrupsie en onbevoegdheid teen die fundamente van 'n rustige en stil lewe in ons land. Die hamerhoue van die "eie ek" en humanisme slaan teen die fundamente van 'n morele samelewing. Die hamerhoue van Skrifkritiese denke en kleingeloof slaan teen die fundamente van ons kerklike lewe. Maar wat staan die gelowige te doen in tye soos hierdie?

Wanneer mense in die midde van 'n traumatiese gebeurtenis staan, is daar verskillende reaksies wat ontlok word. Die bekendste is veg of vlug. Dawid staan gekonfronteer met 'n aanslag op sy lewe. Daar word aan die fundamente van sy lewe gekap en sy posisie as koning en regverdige kom in die gedrang. Die vyand staan gereed om 'n dodelike pyl af te vuur wat op die hart gerig is.

Sy vriende en raadgevers se advies in hierdie tyd is duidelik. Hy moet op die vlug slaan. Nou weet ons dat Dawid bekend is met 'n vlugtelingbestaan. Saul se aanslag, die vyandige volke en eindelijk sy eie seun Absolom wou hom graag om die lewe bring. Dawid gaan egter nie nou weer vlug nie, want hy vind 'n vaste en besondere skuiling. Hy skuil by die Here. Sy veiligheid is nie in die verlatenheid van die woestyn of in 'n spelonk te vinde nie, maar by die Here.

Wat beteken dit om by die Here te skuil? Wanneer ons in die spervuur van aanslae op ons lewe te staan kom, kan ons in die eerste plek in gebed na Hom toe vlug. Jesus Christus het immers vir ons deur sy versoeningsbloed weer toegang tot ons Vader gebring. Ons kan Hom aanroep in geloof en met die vaste wete dat Hy ons nie bo ons kragte sal beproef nie en dat Hy ons sal bewaar.

Verder beteken dit ook dat ons luister wat Hy in sy Woord aan ons leer. Deur Bybellees hoor ons sy troos en die versekering van sy beskerming. Sal ons vlug in die dag van ons beproewing? Nee, want ons skuiling is by die Here.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*